

1 Augustus

Lees – 2 Tessalonisense
1:3

Daar's groei!

“Ons moet God altyd vir julle dank, broers... want julle geloof neem sterk toe” (3)

Die kerk is ook maar mode-bewus, veral as dit by sondes kom. Partykeer is sekere sondes die in-ding om teen te preek. In die 1960's en 70's was kommunisme die kerk se groot vyand. Ek onthou nog hoe 'n omie iewers gesê het hy hou niks van kommuniste soos die duiwel en Elvis Presley nie! In elk geval, daar's dikwels in kerklike kringe 'n amperse Top Tien sondes waarteen geskryf, gepraat en geprotesteer word. 'n Katkisasieboek uit my kinderdae se gunsteling sondes was juis die “drie groot D's”: dans, drink en dobbel!

Gewoonlik is kerklike sondelyste baie moralisties van aard. Dit gaan meestal net oor 'n paar sake wat die sedes van mense aantast. Hierdie sondes word dan om elke hoek en draai benadruk, terwyl veel meer destruktiewe dinge misgekyk word. Daarom is kerklike sondelyste eintlik baie gevaarlik. Dit verskraal sonde tot 'n handjievol sake wat kerklikes uitkies om teen te stry. Die oplossing lê in 'n ander rigting, in daardie rigting waarin die gemeente in Tessalonika uitblink het. Hulle het naamlik al hoe meer geestelik gegroei in God se rigting, nie in die rigting van 'n beheptheid met sondestryde nie. Hulle het al hoe meer toegeneem in kennis van God en in heiligheid. Daarvoor dank Paulus die Here. Ja, natuurlik het die Tessalonisense in dié proses hul rug al hoe meer op die sonde gedraai. Maar hulle fokus was op God. Dit is die regte rigting waarin ons almal moet groei.

GEBED: Almagtige Heer, lei my om tot U eer te groei

Skriflesing vir vanaand: 2 Tess 1:1-12

2 Augustus

Lees – 2 Tessalonisense
1:7

Sien die einde raak

“... en aan julle lyding, en ons s’n, sal Hy ‘n einde maak” (7)

Die slim mense wat deesdae boeke oor leierskap en lewensvaardighede skryf, vertel dat mens altyd jou oog op die eindpunt moet hou wanneer jy met iets besig is. Gaan kyk maar na Stephen Covey en John Maxwell se boeke, dan sien jy dat skryf dat diegene wat weet en glo dat dit waarmee hulle besig is goed sal eindig hier en nou met entoesiasme leef. ‘n Vaste wete dat die toekoms goed gaan wees, maak vandag die moeite werd.

Paulus het hierdie beginsel al te goed verstaan. Nee, nog meer: hy het die toekoms gesien en dit lyk goed! God wen! Sondaars verloor! God se mense gaan ook wen! Sy vyande gaan tweede kom! Almal wat nou op die Christene trap, gaan in die toekoms glad nie in tel wees nie. Glad nie. Hulle gaan God se straf beleef.

As jy vandag swaar kry, dan moet jy jou kop optel en vorentoe kyk, na God se toekoms! Sien raak dat ‘n nuwe môre op hande is, een waar God gaan wen. Hy gaan alles nuut maak. Hy gaan vir altyd ‘n einde bring aan die pyn en chaos wat jy elke dag rondom jou sien en wat jy dalk aan jou eie lyf beleef. Dit gaan ophou! God sê so. Nee, Hyself gaan alles nuutmaak. En die beste nuus van alles: Hy hou vir jou ‘n plekkie gereed daar in sy nuwe wêreld. Hy ken jou op jou naam omdat Jesus jou Here is. Leef daarom met hoop. ‘n Nuwe dag is op hande.

GEBED: Heer, lei my veilig na u nuwe grondgebied toe

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 21

3 Augustus

Lees – 2 Tessalonisense
1:11

Jy is waardig

“Mag God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het” (11)

Meeste van ons sukkel van tyd tot tyd om met onself oor die weg te kom. Ons hou nie aldag van die mens wat hier binne in ons wegkruip agter 'n stuk bravade nie. Ons probeer kliphard om vir almal rondom ons te wys ons is in beheer van sake. Maar as ons regtig eerlik met onself is, is ons dikwels bang, onseker en ongelukkig.

Wel, skep moed. Jy mag maar van jouself hou. Want God hou van jou. Hy gee so baie om vir jou dat Jesus al jou foute daar by die kruis op sy skouers gelaai het. Jy is regtig spesiaal, so spesiaal dat God jou waardig geag het om vir altyd by Hom te kom bly. Hyself het jou genooi om aan sy voete te kom sit. Jy is nou amper net so belangrik soos al daardie groot engele om God se troon.

Doen vandag iets positief met jouself: Laat staan daardie slegte gewoonte om jouself gedurig af te kraak. Netnou glo jy jouself en dan sit jy 'n dag te lank op die ashooop. Kry asseblief die regte opinie oor jouself by God. Besef dat Hy vir jou lief is, met jou foute en al. Dan vervang jy 'n slegte gewoonte met een wat jou lewe gaan verander. Weet dat God jou geroep het om naby aan Hom te leef en op sy pad te volhard. Weet dat Hy deur die werk van sy Gees jou elke dag omring met sy hemelse goedheid, versorging en deernis. Hy wat jou geroep het, het jou waardig gemaak om sy kind te wees. Daarom sorg Hy vandag ook spesiaal vir jou.

GEBED: Hemelse Vader, dankie dat U my waardig ag

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 22

4 Augustus

Lees – 2 Tessalonisense
2:2

Ligloop vir vals inligting

“Moenie so gou verward raak nie” (2)

Mense word do gou op sleeptou geneem deur vals gerugte en onwaarhede. Dit het ook daar in die kerk in Tessalonika gebeur. ‘n Klompie mense het die gerug tussen die gelowiges versprei dat die wederkoms hier is. Nog erger, iemand het blykbaar ‘n brief onder Paulus se naam gefabriseer met sulke leuens. Dit het Paulus se ore bereik; daarom skryf hy hier in hoofstuk 2 oor die wederkoms om die Tessalonisense met die regte inligting te bemoedig. Paulus maak dit onder andere duidelik dat daar eers nog ‘n paar dinge moet gebeur voordat die wederkoms gaan aanbreek.

Eerstens gaan daar ‘n wettelose mens op die toneel verskyn. Ongelukkig sê Paulus nie vir ons wie of wat hierdie figuur is nie. Maar hy sê wel dat hierdie persoon hom gaan verset teen al God se werke (vers 4). Hierdie wettelose mens sal selfs in die tempel gaan sit en sê hy is God. Ongetwyfeld verwys Paulus dus na godsdienstige misleiding wat gaan plaasvind voor die wederkoms. In die hart van die godsdien (‘die tempel’) sal mense die waarheid verdraai.

Tweedens sê Paulus dat iets of iemand tans hierdie wettelose mens teëhou. Ons weet nie wie die teëhouer is nie. Is dit dalk Paulus self? Of die verkondiging van die evangelie deur die Here se mense?

Derdens gaan mense verwonderd agter hierdie wettelose mens aanloop omdat hy groot wonders kan doen. Wees dus gewaarsku! Bly by die Here sodat jy nie deur valse boodskappe mislei word nie.

GEBED: Here Jesus, lei u kerk in die volle waarheid

Skriflesing vir vanaand: 2 Tess 2:1-4

5 Augustus

Lees – 2 Tessalonisense
2:11

Moenie deurval nie

***“Dit is ook waarom God hulle aan die mag van dwaling oorgee”
(11)***

Die enigste plek waar die verkeerde soort dieët altyd werk, is in die kerk. Kerkmense vind dit nie moeilik om op 'n geestelike hongerstaking te wees wanneer dit by die Here se sake kom nie. Vir baie is geloof mos net 'n noodwiel, nie die stuurwiel van al hulle doen en late nie! Hulle is geestelik ondervoed, want hulle is die meeste van die tyd skreiend afwesig is wanneer God sy lewende Brood in die kerk uitdeel. Dis opbou-tyd wanneer jy aan die Here se voete sit. Hy deel graag lewende brood en water uit by geestelike byeenkomste in die kerk, of tydens stiltetye waar jy alleen met Hom in gebed verkeer. Daar oorlaai Hy al sy kinders met geestelike kos. Daar vloei strome van seën.

Om eredienste of Bybelstudies te mis, of om nie te bid en Bybel getrou te lees nie, is net so goed as om medisyne wat jy dalk drie keer per dag moet drink net elke tiende dag te gebruik. En dan wonder jy nog hoekom jou geloof nie werk nie? Wanneer jy die Here se opbou-medisyne misloop, is jy geestelik ondervoed. Dan is jy 'n geestelike babatjie. Geestelike onvolwassenheid verander jou in 'n selfsugtige mens wat dink alles draai net om jou! Nog erger, dit kan maak dat jy deur God se vingers val, soos wat Paulus hier waarsku. Hy sê dat mense wat nie die Here se waarheid liefhet en dit elke dag omhels nie op 'n dag deur sy vingers val. Ligloop! Eet die regte Kos!

GEBED: Drie-enige God, ek loof U dat U my op koers hou

Skriflesing vir vanaand: 2 Tess 2:5-12

6 Augustus

Lees – 2 Tessalonisense
2:13

Ongelooflik! God het my lief

“Die Here het julle lief” (13)

Die Here het my lief! Dis ondenkbaar. Om te dink dat God ‘n brief spesiaal laat skryf om dit vir my te sê. Hy het my lief. Ek, wat soveel foute het; ek wat my vingerafdrukke op elke sonde agtergelaat het; ek wie se voetspore by al wat sonde is verbykronkel; ek wat my handtekening op elke verkeerde ding agtergelaat het – hoe is dit moontlik dat die Here my liefhet?

Wel, die antwoord is dat God my liefhet *ten spyte van myself*, nie *as gevolg van myself* nie. Hier op aarde het ons mekaar meestal lief as gevolg van... Ons hou van ander omdat hulle oulik, mooi, ryk, vriendelik, en wat nog alles is. God hou egter van mense wat droogmaak en in sonde rondlê. Sy liefde staan nie in ‘n direkte verhouding tot ons geestelike prestasies, soos wat baie kerkmense dink nie. Baie van ons glo mos dat God ophou om van ons te hou as ons iets verkeerd doen. Of dat Hy niks meer vir ons omgee as dit met ons swaar gaan nie. Wel, dis nie waar nie. God het ons as sy kinders lief ten spyte van onself. Hy het kant gekies vir ons. Hy het besluit om sy hand groot oop te maak oor ons. Sy liefde sê oneindig meer oor Homself as oor ons. Dit sê dat God ‘n liefdevolle, ontfermende God is. Dit sê dat Hy ‘n tweede en ‘n derde en ‘n vierde kans met ons vat omdat Hy gekies het om van ons te hou. God het ons lief. Weet dit, glo dit en beleef dit. O ja, moenie sy liefde goedkoop maak met jou ongehoorsaamheid nie,

GEBED: Here, dankie dat U my liefhet

Skriflesing vir vanaand: 2 Tess 2:13-17

7 Augustus

Lees – 2 Tessalonisense
3:5

Rig jou kop in die regte Rigting

“Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus” (5)

Begin om God se soort gedagtes agterna te dink. Gee jou denke vir God. Doen dit pro-aktief. Kies om daagliks net op Hom te fokus. Jy IS immers reeds ‘n oorwinnaar omdat jy deel van sy nuwe hemelse familie is.

Laat God jou denke elke dag nuut maak. Onthou uitgediende gedagtes uit die verlede en sondige gedagte laat jou elke kort-kort in die donker verdwaal. Fokus op Christus. ‘n Doelgerigte ingrype op jou gedagtepatrone is dringend nodig. Kies om elke idee, elke droom, elke gedagte telkens te her-kanaliseer in die rigting van Christus. Oefen dit dag na dag in. Dink gedissiplineerd. Die Here se Woord roep jou vandag op om juis dit te doen.

Maak jou kop vol met God se woorde en dae. Lees die Bybel gereeld. Boots die regte voorbeelde na. Modelleer jou gedrag aan die hand van Bybelse rolmodelle. Gaan leef die regte beginsels uit wat jy leer by ‘n Jeremia of ‘n Paulus. Moenie toelaat dat jy ooit die slagoffer word van ‘n kop wat nie elke dag in die Here se gimnasium is nie. Moenie toelaat dat sondige gedagtes vrye toegang tot jou kop het nie. Neem hulle gevange in Jesus se Naam. Halt hulle by die hekke van jou lewe voordat hulle ‘n sondige staatsgreep op jou uitvoer en jy kniediep in die gemors sit. Rig jou gedagtes net op God, Dink dinge wat Hy in sy Woord sê en wat jou sal laat volhard op die regte pad.

GEBED: Ek buig voor U met my gedagtes, Here

Skriflesing vir vanaand: 2 Tess 3:1-5

8 Augustus

Lees – 2 Tessalonisense
3:7-8

‘n Eenvoudige leefwyse

“Ons het nie daar by julle leeggelê of op ander geteer nie” (8)

Paulus het ‘n fenomenale voorbeeld vir sy gemeentes gestel van toewyding en gehoorsaamheid. Nee, hy het nooit van hulle goedheid misbruik gemaak nie. Blykbaar was daar sommige mense in die kerk in Tessalonika wat luilekker rondgehang het en van ander Christene verwag het om vir hulle te sorg. Dit het Paulus diep ontstel. Daarom dat hy hierdie mense oproep om dadelik in te spring en te begin werk. Luiheid pas nie by die Here se mense nie. Gelowiges wat kan werk, maar wat nie wil werk nie, mag nie deur ander gelowiges versorg word nie. Dis iets anders as iemand wil werk en nie kan werk kry nie!

In vers 10 herhaal Paulus ‘n voorskrif wat hy aan die gemeente in Tessalonika gegee het toe hy vroeër tussen hulle gewerk het: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.” So eenvoudig soos dit. Nou ja, niemand sal kos wil opoffer nie. Daarom moet mense maar hard werk om kos op hul eie tafel te sit en nie ander manipuleer om vir hulle te sorg nie.

Kom ons leer opnuut uit hierdie vermanings om self hard te werk. Kom ons leer wie om te help, en wie nie. Ja, ons het ‘n verpligting teenoor mense wat nie werk kan kry nie, maar nie teenoor mense wat nie wil werk nie. Hulle is bemoeisiek en lui. Vir sulke mense moet ons leer dat die Here van hulle verwag om self vir hul lewensonderhoud voorsiening te maak. Kom ons doen wat God sê

GEBED: Ek dank U, Heer, vir elke stukkie brood op my tafel

Skriflesing vir vanaand: 2 Tess 3:1-18

8 Augustus

Lees – Daniël 1:17

Toets jou hart

“God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee” (17)

‘n Ongelowige filosoof vertel dat hy op ‘n dag in ‘n trein tussen ‘n klomp priesters beland het. Een van sy vriende vra hom na die tyd hoe dit gevoel het. “Wel, soos ‘n leeu tussen ‘n klomp Daniëls!” antwoord hy. Ja, daar is min mense wat nie die verhaal van Daniël in die leeu kuil ken nie. Of die storie van Daniël se drie vriende in die vurige oond. Inderdaad is Daniël van die bekendste boeke in die Ou Testament, ten minste die verhalende gedeelte van die boek (hfst 1-6). Deel twee van Daniël (hfst 7-12), wat handel oor visioene en gesigte, is minder bekend. Maar hierdie laaste hoofstukke is weer vir baie mense ‘n bloudruk vir die ganse wêreldgeskiedenis. Hulle sien in hoofstuk 7-12 allerhande voorspellings oor die einde van die wêreld, die antichris, en sulke goed. Vanaf Hal Lindsey tot Tim La Haye tot onse eie Siener van Rensburg het al stukke uit Daniël gebruik om gebeure in die wêreld van ons dag te voorspel.

Daniël is die groot geloofsheld wat in ‘n vreemde land onder ‘n vreemde koning nie ‘n duimbreedte afwyk van sy geloof in God nie. Al moet hy dan ook ‘n nag tussen wilde leeus deurbring, dan doen hy dit ter wille van God (Dan 6). Selfs nie eens sy drie vriende, Sadrag, Mesag en Abednego, is bereid om voor koning Nebukadnesar se standbeeld te buig nie (Dan 3). Sluit by hierdie geloofshelde aan en weier om ooit die knie voor vreemde gode te buig

GEBED: Here laat my nooit u grond verlaat nie

Skriflesing vir vanaand: Dan 1:1-17

9 Augustus

Lees – Daniël 1:21

Vreesloos aan diens

“Daniël het in diens van die paleis gebly tot die eerste regeringsjaar van koning Kores” (21)

Die boek Daniël is een van die laaste van die Ou Testamentiese 2de boeke. Dit ontstaan iewers in die 2de eeu voor Christus. Helaas weet ons nie wie die skrywer is nie. Ook nie hoekom dit oorspronklik in twee tale geskryf is nie, naamlik in Hebreeus (1:1-2:3 en 8:1-12:13) en Aramees (2:4-7:28). Maar dit is duidelik dat die skrywer goed op hoogte was met boeke soos Genesis en Jeremia. Trouens, in hoofstuk 9 word dele uit Jeremia 25 en 29 van toepassing gemaak op die situasie wat die skrywer aanspreek.

Daniël ontstaan na waarskynlik in die tyd van Antioges IV Epifanes wat die Joodse volk sleg verdruk het. Hy was 'n Seleukied wat vanaf 175-164 voor Christus oor Palestina geheers het. Hy het probeer om Jerusalem in 'n tipiese Griekse stad te omskep. Kort voor lank het hy skrikwekkende dinge gedoen soos om varke op die brandofferaltaar in die tempel te offer, en om 'n standbeeld van die god Zeus in die tempel te laat staan. Asof dit nie erg genoeg was nie, het Antioges IV ook gereël dat daar in elke Joodse dorp ook 'n standbeeld vir Zeus opgerig moet word en dat die mense offers vir hom moet bring. Juis in hierdie tyd word die verhaal van Daniël vertel om vir gelowiges aan te moedig om nie voor vreemde gode te swig nie. Miskien moet jy en ek ook weer ernstig luister na die boek Daniël, want daar is te veel vreemde gode in ons omgewing hier in ons eie dag. Kom ons staan sterk vir God.

GEBED: Christus, help my om nie 'n gladde tong te hê nie

Skriflesing vir vanaand: Dan 1:11-21

10 Augustus

Lees – Daniël 2:11

Die onmoontlike gevra

“Wat u vra is te moeilik” (11)

Daniël is ‘n boek van hoop. Dit vertel vir mense wat swaarkry dat God in beheer is. Hy het die krag om in te gryp in sy mense se diepste nood. Hy laat ook nie toe dat bese wêreldmagte ongehinderd voortgaan met hulle slegte planne nie. Nie eens die magtige koning Nebukadnesar kan maak wat hy wil nie. Nee, God besluit ook oor die lotgevalle van mense, volke en nasies. Hy laat selfs die grootste heersers se ryke verkrummel wanneer Hy dit nodig ag.

Vandag nog is dit waar. God is steeds die enigste Heerser van hemel en aarde wat vandag se godlose magshebbers ook van hulle trone afstoot en sy mense red. Hy is egter ook hier en nou ernstig op soek na nuwe Daniëls wat onverskrokke in Hom glo en wat Hom kan verteenwoordig tussen ongelowiges en opstandiges. Hy is op soek na mense wat bereid is om selfs deur die vuur vir Hom te stap, want helaas is daar vreemde heersers op baie wêreldse trone wat nie voor die enigste lewende God buig nie. Juis in hierdie tyd roep God na jonk en oud om aan te meld vir diens. Nee, dit sal nie maklik wees nie, maar ja, God sal steeds daar wees as ‘n Rots waar sy moderne helde kan kom skuil.

Wil jy nie kom aanmeld vir diens in God se heldespan nie. Daar’s nog plek oor vir jou om ‘n paar stukkies grond vir Hom te gaan terugwen. Daar’s nuwe drome, nuwe visies, nuwe uitdagings vir God se helde hier in 2006. Dit wink juis vir jou nader.

GEBED: Heer Jesus, laat my vreesloos op u pad volhard

Skriflesing vir vanaand: Dan 2:1-18

11 Augustus

Lees – Daniël 2:47

God is GROOT

“Werklik, julle God is die grootste van al die gode” (47)

Daniël kan drome en visioene uitleë. Nie alleen kan hy die konings se moeilike drome verklaar nie, maar hy kan ook die toekoms van die Joodse volk verklaar. In sy bekendste visioen hier in hoofstuk 2 sien hy dan ook 'n reuse beeld van goud, silwer, koper en yster en klei, wat verwys na die verskillende ryke vanaf die tyd van Daniël tot en met die tyd van die skrywer van hierdie boek in die tweede eeu voor Christus. Kortom, die skrywer neem ons sowat vierhonderd en vyftig jaar terug na die tyd van die Babiloniese Ryk (goud) en dié van die Perse (silwer). Daarna neem hierdie visioen ons vorentoe na die tyd van Aleksander die Grote (die koperdeel van die beeld). Laastens in Daniël se visioen tref ons die Grieks-Romeinse Ryk van Antioges IV aan (die yster en klei deel). Maar Daniël weet dat hierdie laaste ryk gaan verkrummel. Want hy sien 'n klip wat losbreek en hierdie magtige beeld in stukke laat breek. Vir die skrywer en die oorspronklike lesers is dit 'n verwysing na die Makkabeërs wat 'n einde gaan bring aan die verdrukking wat God se volk onder al die bose ryke moes deurstaan. In ons dag sinspeel dit sekerlik ook op die evangelie van Christus wat alle teenmagte laat verkrummel.

Nebukadnesar is verstom as Daniël hierdie fenomenale openbaring aan hom bekendmaak. Sy belydenis dat God die enigste God is, het ongelooflike eer aan Hom gebring. Kom ons eer God dat Hy sy wil aan gewone mense bekendmaak.

GEBED: Here Jesus, maak my oë oop vir u openbaring

Skriflesing vir vanaand: Daniël 2:19-49

12 Augustus

Lees – Daniël 3:18

Ons bly glo, selfs...

“Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie” (18)

Daniël se drie vriende, Sadrag, Mesag en Abednego, was in groot moeilikheid. Hulle het geweier om die beeld te aanbid wat koning Nebukadnesar laat oprig het. Toe hierdie storie by die koning uitkom was hy woedend. Hy het vir Sadrag, Mesag en Abednego laat kom. Hulle het egter geweier om toe te gee aan die koning se druk. Daarom het hy opdrag gegee dat hulle in ‘n oond gegooi word en lewendig verbrand word.

Die reaksie van Sadrag, Mesag en Abednego was ongelooflik. Hulle maak ‘n eenvoudige, maar uiters kragtige, geloofsbelydenis:

- a. Ons dien die lewende God deur dik en dun.
- b. Ons God het die mag om ons te bewaar, selfs in ‘n brandende oond
- c. Selfs as God nie ons lewens spaar nie, weier ons steeds om afgodsbeelde te aanbid.

Wat ‘n belydenis! Nee, dit was nie speletjies nie. Hulle lewens was op die spel. Tog het hierdie drie manne geweier om aan hulle eie gerief te dink. Al wat saakgemaak het was hulle geloof in die lewende God. Hom kon hulle eenvoudig nie verloën nie, juis nie nou in hierdie krisisuur nie. Daarom dat hulle bely het dat hulle glo en dat hulle selfs bereid is om vir hulle geloof te sterf. Hulle lewens is in God se hand. Hy alleen sal oor hulle lot besluit. Terloops, dit geld vir jou en my ook. Glo dit en leef dit!

GEBED: Here, skenk aan my die moed om altyd op te staan vir my geloof in U. In Jesus se Naam bid ek dit

Skriflesing vir vanaand: Dan 3:1-18

13 Augustus

Lees – Daniël 3:28

In die hande van die lewende God

***“Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe,
Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het” (28)***

Toe gebeur dit- Sadrag, Mesag en Abednego is in 'n verskriklike warm oond gegooi. Die vuur was so warm dat die mense wat hulle in die vuur gegooi het self doodgebrand het. Praat van hitte! Terwyl koning Nebukadnesar sit en kyk na hierdie gebeure, het hy skielik iets ongelooflik sien gebeur. Pleks dat die drie manne in 'n oogwink verbrand het, het hulle in die vuur rondbeweeg, saam met 'n vierde wese! Ja, die Here God het ingegryp. Sadrag, Mesag en Abednego was in sy hand. Sy engel het gekom om sy kinders te bewaar in die grootste denkbare gevaar.

Nebukadnesar het die drie manne uit die vuur geroep. Toe het hy nogeens bely dat daar net een God is, die God wat sy knegte selfs in die warmste vuur bewaar sonder dat daar 'n haar op hulle koppe gekroei is. Skielik is God se Naam op 'n verrassende manier geëer toe die koning 'n besluit uitgevaardig het dat niemand met minagting van God mag praat nie.

God is in staat om enigiets te doen. As jy in sy hand is, is jy op die veiligste plek op aarde. Dan is jy in die hande van die Een wat jou selfs midde in die grootste krisis kan bewaar en jou kan beskerm wanneer jou lewe in doodsgevaar is. Moenie moed opgee as dinge donker lyk rondom jou nie. Met God by jou, is daar geen teenmag wat sterk genoeg is nie.

GEBED: Christus, dra my asseblief vandag in u handpalm

Skriflesing vir vanaand: Dan 3:19-30

14 Augustus

Lees – Daniël 4:3

Wat 'n tyd om in te leef

“Ek betuig met blydschap dat ek die tekens en wonders wat die allerhoogste God gedoen het, kon belewe” (3)

Nogal 'n verstommende belydenis wat hier volg uit die mond van die magtigste regeerder van sy dag. Nebukadnesar, die hoof van die magtige Babiloniese ryk het naamlik op 'n dag tot die belydenis gekom dat daar inderwaarheid net een God is. Tog was dit ietwat te laat. As jy die res van Daniël 4 lees, sal jy sien dat God op die punt was om hom te dissiplineer oor sy vroeëre arrogansie en opstand. Tog is dit wonderlik om te weet dat selfs die magtigstes en die heel grootstes op 'n dag tot die besef kom dat God leef en dat Hy die verskil is tussen lewe en dood, tussen 'n lewe van selfsug, eie geregtigheid en verval, en 'n gelukkige en geseënde lewe van heiligheid en toewyding.

Nebukadnesar se belydenis het voortgespruit uit 'n slegte droom wat hy gehad het wat niks goeds vir hom vir die onmiddellike toekoms ingehou het nie. Daniël, God se droom-verklaarder, het egter die antwoord gehad. Hy kon die diepste geheime bekendmaak van mense omdat God aan hom die gawe gegee het om dit te doen. Ja, God praat soms op vreemde maniere met mense, selfs deur drome. Maar dit moet uitgelê word, en reg uitgelê word. Die enigste maatstaf om alle ervarings, natuurlik en bonatuurlik, te probeer verstaan, is die Woord van God. Aan die hand van die Bybel moet ons God se stem hier in ons eie dag hoor en van toepassing maak op wat ons doen. Gebruik die Bybel as die Gids vir alles wat jy doen en sê.

GEBED: Here, lei my deur u Woord

Skriflesing vir vanaand: Dan 4:1-17

15 Augustus

Lees – Daniël 4:35

Buig betyds voor God

“Teenoor Hom is al die bewoners van die aarde soos niks” (35)

Die Here het ‘n oordeel oor Nebukadnesar uitgespreek. Daniël moes aan die koning bekendmaak dat hy vir ‘n ruk uit die samelewing gestoot sou word en saam met die diere van die veld moet leef. In hierdie tyd moet hy leer om tot inkeer te kom en te buig voor God. Wanneer Nebukadnesar met sy sonde breek en begin doen wat goed is, sal die Here sy koningskap herstel.

Daniël se woorde was skaars koud of die oordeel van die Here het Nebukadnesar getref. Vir ‘n lang ruk was hy ‘n verstoteling. Toe hierdie tyd verby was het die koning in nederigheid opgekyk na die hemel en God in lof en aanbidding aangeroep. Toe het Nebukadnesar bely dat daar geen einde aan God se heerskappy is nie. Selfs sy raadgewers en hoofamptenare het gehoor dat die Allerhoogste die Here is. Hy en Hy alleen regeer!

Nebukadnesar se storie hou ‘n tydigse waarskuwing vir ons almal in. Dit waarsku ons om nie te wag tot dit te laat is om te doen wat God vra nie. Soms is dit te laat om reg te maak wat jy verbrou het. Soms is daar so ‘n spoor van verwoesting agter jou dat jy beswaarlik kan omkeer of voor begin. Moenie dat dinge so hand uitruk in jou lewe nie. Gee jou lewe oor aan God. Buig laag aan sy voete. Verneder jou voor Hom. Hy sal jou op presies die regte tyd verhoog. Hy sal aan jou eer gee. Dien die Here van harte met al jou krag en met jou hele hart.

GEBED: Heer, maak my nederig. Laat my net voor U buig

Skriflesing vir vanaand: Dan 4:18-37

16 Augustus

Lees – Daniël 5:3

Meld aan

“Toe is die goue en die silwerbekers gebring wat weggevoer is uit die tempel van God in Jerusalem” (3)

Ons as gelowiges het 'n paspoort by God ontvang om te gaan waarheen Hy ons ook al stuur. Ons taak: om sy mense wat in die sonde verdwaal het die pad terug na Hom toe te wys!

Daniël is ons rolmodel as God se groot internasionale sendeling tussen ongelowige mense. Omdat hy elke dag in pas met God gestap het, kon God hom gebruik om selfs met magtige konings te praat, ook noudat 'n nuwe koning, Belsasar, aan die bewind is en hy ook moet hoor wie die ware God is! Hierdie arrogante koning het immers gedink dat hy kan spot met God en sy tempel.

Daniël moes mense in God se naam terugwen, soos wat vroeër gebeur het met koning Nebukadnesar. Jy en ek ook. Daarom moet ons ernstig vir al die mense rondom ons bid, want God is bereid om na mense soos ons te luister wat onverskrokke aan Hom vashou. Bid dat Hy sy hand van genade oopmaak oor almal wat smag na nuwe lewe.

Onthou, ons trek in God se oorwinningsleër. Dis ons werk om die vlag van Christus oral op aarde te laat wapper. Ons moet God se eer hoog hou selfs op vyandige terrein. Ons dra elke dag Jesus se oorwinningsklere- en kleure! Ons moet die vrymakende geur van sy oorwinning op elke plek versprei waar ons kom. Ons moet juis vandag daardie paar tree waar die Here ons wil gebruik vir Hom terugwen.

GEBED: Here Jesus, gebruik my in u wêreldwye taakmag

Skriflesing vir vanaand: Dan 5:1-15

17 Augustus

Lees – Daniël 5:27

Veels te lig

“U is geweeg en te lig bevind” (27)

Toe skryf die hand teen die muur, ‘n hemelse hand. Dit het gebeur terwyl die nuwe koning Belsasar en sy mense oordadig feesgevier het en gedrink het uit bekere wat die Babiloniërs vroeër uit Jerusalem se tempel verwyder het. Helaas het die hand nie ‘n goeie boodskap ingehou nie. Dit het vertel dat Belsasar deur God geweeg is en te lig bevind is. Sy ryk sou binnekort in die hand van die Perse val. Omdat hy in sy arrogansie geweier het om God se oppergesag te erken, het God ‘n strepie deur sy mag getrek. Geen wonder nie dat Belsasar daardie einste nag nog vermoor is.

Hoe dikwels word mense nie in God se weegskaal geplaas nie. Jy, ek en al die ander mense rondom ons word gedurig deur die hemelse weegskaal geweeg. Party, nee almal van ons, weeg helaas te lig. Gelukkig kan ons iemand vra om saam met ons in die Here se skaal te klim, iemand wat ‘n swaargewig is. Ek praat van Jesus Christus natuurlik. Wanneer ons Hom uitnooi om saam met ons in God se weegskaal te staan, dan kan ons staande bly. Dan weeg ons nie te lig nie. Dan tel Jesus se verlossingswerk daar by die houtkruis van Golgota oordadig in ons guns.

Baie mense weeg te lig in God se skaal. Vertel hulle tog van Jesus. Laat weet hulle dat Jesus al hulle foute en sondes op sy skouers sal tel en hulle nuwe lewe gee. Hulle moet Hom net vra, dan doen Hy dit uit genade, heeltemal verniet, vir hulle.

GEBED: Heer, dankie dat Jesus my vryspraak waarborg

Skriflesing vir vanaand: Dan 5:16-30

18 Augustus

Lees – Daniël 6:6

Niks behalwe godsdiens nie

“Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens” (6)

Toe die Perse die mag by die Babiloniërs oorgeneem het, het koning Darius vir Daniël as een van die drie ministers oor sy ryk aan te wys. Kort voor lank was die ander hooggeplaaste amptenare jaloers geraak. Hulle wou toe van hom ontslae raak. Hulle het oral gesnuffel en gesoek na een of ander geraamte in Daniël se kas, een of ander geheime misstap of skelm sonde wat hulle teen hom kon gebruik. Maar daar was niks nie. Al wat hulle toe kon doen was om 'n godsdienstige lokval vir hom te stel, soos wat Daniël 6 vir ons vertel. Is dit nie 'n ongelooflike getuienis van Daniël se lewe dat die mense wat hom in die verleentheid wou bring, net mooi niks teen hom kon kry nie, behalwe sy absolute lojaliteit aan God. Hoe wonderlik sal dit nie wees as manne en vroue van God in ons dag dieselfde tipe getuienis uitstraal nie.

Vandag is daar soveel slegte stories oor gelowiges wat nie konsekwent op die Here se pad stap nie. Om elke hoek en draai hoor jy van gelowiges wat skuldig is aan geheime sondes en aan skelm misstappe. Dit bring die saak van die Here in die gedrang. Dit laat 'n slegte skadu val oor die kerk en oor alle gelowiges wat getrou op die Here se pad stap. Sorg dat jy ook in Daniël se voetspore stap. As mense dan iets teen jou moet kry, dan moet dit net jou deurleefde geloof in Jesus Christus wees. Laat dit jou enigste “misstap” wees!

GEBED: Here, laat my net op u pad leef

Skriflesing vir vanaand: Dan 6:1-11

19 Augustus

Lees – Daniël 6:14

Niks behalwe godsdienst nie Geen kompromie

“Hy bid nog drie maal per dag tot sy God” (14)

Daniël het geweier om ‘n kompromie te maak om sy hoë posisie in die Persiese Ryk te behou. Hy was nie bereid om koning Darius te aanbid soos wat al die hooggeplaaste amptenare van hom verwag het om te doen nie. Hoekom? Wel, omdat hy God se hart deur en deur geken het. Liewer, God het hom geken. Daniël het geweet dat God mense graag optel en op ‘n rots plaas. Hy het God se liefde vir gewone mense verstaan en in sy eie lewe ervaar. Daarom kon hy dit eenvoudig nie oor sy hart kry om sy God te verloën nie. Inteendeel, Daniël het juis in ‘n krisistyd soos hierdie sy toevlug na die enigste veilige Hawe in sy lewe geneem, naamlik na God toe. Hy het op sy knieë geval en gebid.

Wat ‘n getuigenis vir Daniël dat hy juis gearresteer is toe hy op sy knieë was. Wat ‘n fenomenale voorbladstorie in die hemel! Daniël sou ongetwyfeld vir jou en my wou sê dat dit een van die swaarste, maar beste oomblikke van sy lewe was toe hy daardie dag “op heterdaad” in gebed betrap is. As ek ooit ‘n saak sou kon kies waaroor ekself in die moeilikheid sou wou beland, dan is dit juis omdat ek bid. Immers, om in gesprek met die lewende God te wees is die lewe self. Ter wille van sy eer is dit oor en oor die moeite werd om in die moeilikheid te kom. Bid en leef tot God se eer. Bid op so ‘n manier dat mense ook van jou geloof kennis neem, soos wat almal van Daniël se geloof deur sy gebedslewe kennis geneem het.

GEBED: Here, maak my ‘n bidder

Skriflesing vir vanaand Dan 6:12-18

20 Augustus

Lees – Daniël 6:23

Lewend in die kloue van die dood

“My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit” (23)

Daniël is in die leeukuil gegooi omdat hy 'n dekreet van Persië oortree het. Selfs nie eens die koning kon iets hieraan verander nie. Hy was diep bekommerd oor Daniël. Toe hy die volgende oggend vroeg na die leeukuil toe stap, het koning Darius vir Daniël ongedeerd daar aangetref. Nog meer: Daniël het die getuienis van 'n leeftyd gehad. Hy het getuig dat sy God 'n engel gestuur het om die honger leeus se bekke toe te sluit. Nie eens die leeus kon Daniël skade aandoen nie.

Die dag as God 'n opdrag gee dat daar nie 'n haar van jou kop sal afval nie, dan is selfs die grootste gevaar nie meer gevaarlik nie. Kan ek dit nog sterker sê: 'n Gelowige is onsterflik totdat God die opdrag gee dat jy kan huis toe kom! Hy het die finale sê oor jou lewe, nie honger leeus, misdadigers of siekte nie. God besluit. En as Hy besluit dat jy moet bly leef, dan kan niks of niemand iets daaraan verander nie, nie eens die grootste konings van die aarde, of die kwaaieste leeus in die hele wêreld nie.

Wanneer jy in gevaar verkeer, moet jy asseblief by die Here kom skuil. Hou aan Hom vas. Plaas al jou vertrouwe in Hom. Moenie handdoek ingooi nie. Al bewe jou broek, dan moet jy weet dat God nie bewe nie. Nooit nie. Hy is die enigste Rots. Hy is steeds die Here. Moenie skrik nie. Moenie bang wees nie. Die Here is groter as alles en almal. Hy is by jou.

GEBED: Here Jesus, U is my veilige vesting

Skriflesing vir vanaand Dan 6:19-29

21 Augustus

Lees – Daniël 7:14

Sien die Seun!

“Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee” (14)

Hier vanaf Daniël 7 het ons te doen met ‘n reeks visioene wat later ook ‘n groot invloed op die skrywer van Openbaring uitgeoefen het. Maar wat veral hier in hoofstuk 7 opvallend is, is Daniël se visioen van ‘n menslike wese, of soos wat daar staan: Die Seun van die mens! Ons weet uit die evangelies dat Jesus graag hierdie term gebruik het om na Homself te verwys. Jesus het gestalte gegee aan Daniël se profetiese visioen dat daar eendag ‘n Seun van die mens op die toneel sou verskyn wat sou heers oor alle nasies, volke en tale.

As Seun van die mens was Jesus nederig tydens sy aardse optrede. Daarom dat Hy in Matteus 8 vir die skrifgeleerde kon sê dat Hy nie eens ‘n plek het om sy kop neer te lê nie. Aan die ander kant is Hy egter op pad om te kom oordeel oor die ganse mensdom. So vertel Jesus in Matteus 24. Sonder twyfel is die nederige Seun van die mens dus ook die Een wat oor alle mag in die hemel en op aarde beskik. Hy heers oor alles. In sy hand is alle mag gesetel.

Kyk op na Jesus. Sien Hom as die Een wat gekom het en wat weer kom. Hy is en was en sal weer kom. Jesus is die eerste en die laaste en die lewende. Ja, Hy het sy lewe kom aflê sodat jy en ek nie in die kloue van die dood gevange gehou sal word nie. Maar Hy kom weer as die Een wat besluit oor die ewige lotgevalle van lewende en dooies. Buig daarom net voor Hom

GEBED: Here, U is die ware Seun van die mens

Skriflesing vir vanaand: Dan 7:1-14

22 Augustus

Lees Daniël 7:28

Nie aldag maklik nie

“Ek, Daniël, het baie geskrik toe ek hieroor dink, en dit het my baie ontstel” (28)

Daniël was baie ontstel oor die visioen wat hy gesien het. Dit het heelwat swaarkry vir die Here se kinders in die vooruitsig gestel. Nou ja, swaarkry is een van die hartseer-realiteite van die stukkende wêreld waarin ons leef. Aan die een kant beleef baie mense vandag voorspoed en weelde. Maar aan die ander kant verdrink so baie mense in armoede en lyding. Vigs, werkloosheid en ontmensliking is daaglikse realiteite wat miljoene mense regoor die wêreld in die oë staar. Verder word gelowiges nou nog vir hulle geloof in sekere lande vervolg. Natuurlik is dit ons almal se skuld dat die wêreld in so 'n verskriklike gemors is. God het vir ons 'n wonderlike wêreld as erfporsie nagelaat. Trouens, so trots was Hy op sy handewerke dat Hy die mens aangestel het as bestuurder van sy wêreld. En wat gaan vang mense toe aan? Hulle vernietig alles, ook ware diens aan die Here. Die uiteinde? Wel, dis die wêreld wat ons vandag op ons skoot het. Helaas gaan hierdie hartseer prentjie nie oornag verander nie. Politici en ekonome gaan nie binnekort van die wêreld 'n nuwe utopia maak nie. God se mense gaan orals ongewild bly en self ly vir Christus. Tog moet ons met geloofsvertroue volhard en bly goed doen aan ander. Want God het ons geskep en herskep om ons lewe te wy aan goeie dade. Ons moet sy eer steeds nastreef en reg leef, maak nie saak watter swaarkry ons te beurt val nie. Anders is ons ontrou.

GEBED: Here Jesus, lei u kerk om te volhard

Skriflesing vir vanaand: Dan 7:15-28

23 Augustus

Lees – Daniël 8:17

Hier's die eindtyd

“Die visioen slaan op die eindtyd” (17)

Die eindtyd is reeds hier - die afgelope 2000 jaar al! Jesus se koms lei die eindtyd in. So sê die Bybel. As Daniël dus hier oor die eindtyd skryf, antwoord die Nuwe Testament in Hebreërs 1:1 dat God besluit het om in die eindtyd met ons te praat deur sy Seun. Op sy beurt sê Petrus in Handeling 2 dat die uitstorting van die Heilige Gees die bewys van die aanbreek van die eindtyd is. Die eindtyd word natuurlik ook gekenmerk deur die optrede van allerlei antichristelike figure. Hierdie figure is veral besig met godsdienstige misleiding. So vertel 1 Johannes 2 onder andere vir ons.

Die tekens van die tyd waarna tekste soos Matteus 24 verwys, is herhaalbaar. Elke geslag tot by die wederkoms beleef dinge soos aardbewings, oorloë, vals Messiasse. Hierdie tekens sê vir elke geslag om gereed te wees. Die wederkoms is altyd naby, ook hier aan die einde van 2006. Die evangelie moet juis in hierdie eindtyd aan al die nasies verkondig word.

Die eindtyd is nie een of ander misterieuse paar jaar wat iewers vorentoe nog op ons wag nie, in elk geval nie as ons God se Woord ernstig opneem en die tekste in Hebreërs 1 en Handeling 2 glo nie. Die Bybel sê vir ons dat Jesus die eindtyd ingelei het. Hy het die aard en die tekstuur van die tyd sodanig kom verander dat Hy nou enige oomblik weer kan terugkeer as die magtige Seun van die mens. Wees gereed.

GEBED: Here, dankie dat U alleen aan die stuur van die tyd staan

Skriflesing vir vanaand: Dan 8:1-17

24 Augustus

Lees – Daniël 9:3

Wag by die Here

“Daarom het ek my na die Here God gewend in gebed en smeking: ek het gevas, rouklere aangetrek en as oor my kop gestrooi” (3)

Daniël was ‘n student van die Woord. Op ‘n dag het hy die boek Jeremia gelees. Toe hy daar hoor van al die swaarkry wat Jeremia oor Jerusalem aangekondig het, het Daniël homself in ernstige gebed afgesonder en God se aangesig dag en nag gesoek. Hy vertel dat hy so ernstig was dat hy besluit het om nie eens te eet nie. Daniël het begin vas en as oor homself gegooi as ‘n simbool van sy droefheid en rou oor sy volk se sondes.

Hierna het Daniël opreg voor God verskyn en bely dat sy volk die oorsaak van hul eie ellende is. Hulle het geweier om op God se pad te loop; daarom pluk hulle nou die verdiende vrugte van hulle opstand. Al wat Daniël nou kan doen, is om namens sy volk hulle sondes van ongelooft en ongehoorsaamheid voor God te bely. Uit die diepte van sy hart skree Daniël dit nou aste ware uit dat God moet hoor en vergewe. Hy moet ag slaan op al hierdie versugtinge diep uit die hart van sy kneg.

Wat ‘n gebed! Wat my egter die meeste aangryp, is die feit dat Daniël nie vir homself bid nie, maar vir ander, vir sy eie mense wat ontrou geword het aan die Here. Dis vir hulle dat hy nou in die bres tree. Gebed is om ander se nood op my eie skouers te tel en dit na God toe te dra. Gebed gaan nie gedurig oor myself en al my behoeftes, probleme en node nie. Nee, soms moet ek juis in die bres kom staan vir mense rondom my.

GEBED: Hoor tog, Here, as ek bid vir ons land en sy mense

Skriflesing vir vanaand: Dan 9:1-9

25 Augustus

Lees – Daniël 9:23

Die antwoord kom gouer as wat jy dink

“Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar ‘n antwoord gegee, en ek het gekom om dit vir jou te vertel” (23)

Lees gou weer vers 23. Laat dit diep insink in jou hart. Toe Daniël nog net begin het met sy innige gebed, het die Here reeds geantwoord. Ongelooflik! Ondenikbaar! Aardskuddend! Maar dis hoe God is. Hy antwoord as jy en ek nog net begin bid ... as ons binne sy wil bid. Vra jy wat dit beteken, dan moet jy Daniël se gebed hier in hoofstuk 9 weer deurlees. Gebed volgens God se wil is om in die bres vir ander te staan. Dit is om God se aangesig te soek en sy vergifnis oor ander af te smee. In die taal van die Nuwe Testament gesê: dis om ernstig te vra dat Jesus Christus al die sondes en foute van mense sal vergewe en dit vir altyd op sy eie genadeskouers tel.

Skaars het Daniël klaar gebid, of die engel Gabriël daag by hom op met ‘n hemelse antwoord. Die engele van God is immers ook sy boodskappers wat die hemelse nuus aandra dat God gehoor en verhoor het. Daarom dat die engel dadelik begin om ‘n visioen vir Daniël uit te lê.

Die goeie nuus is dat God regtig die Hoorder van gebed is. Dit gaan nie ongehoord of onbeantwoord voor Hom verby nie. God is nie besig met belangriker ander dinge as jy en ek bid nie. Inteendeel. As ons in Jesus se Naam by Hom aankom, dan luister Hy. Dan staan Hy reg om te hoor en te verhoor. Nee, God is nie doof nie. Dis maar net jy en ek wat te lui is om volhardend te bid.

GEBED: Here, luister tog as ek in u Seun se Naam pleit en bid

Skriflesing vir vanaand: Dan 9:10-23

26 Augustus

Lees – Daniël 9:27

Gruwels in die heiligdom

“Hy sal op die een hoek van die tempel ‘n ding sit wat ‘n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig” (27)

Die visioen wat Gabriël aan Daniël gee, verwys waarskynlik na die booshede van Antioges IV Epifanes wat die Joodse volk verdruk het. Hy was ‘n Seleukied wat vanaf 175-164 voor Christus oor Palestina geheers het. Die gruwel waarvan Gabriël praat, is ‘n standbeeld ter ere van die god Zeus wat Antioges in die tempel opgerig het.

‘n Man met die naam Mattatias en sy seuns het in opstand gekom teen Antioges IV se booshede. Judas, een van Mattatias se seuns, se bynaam was Makkabeus, oftewel: hamer. Daarom het hulle optrede teen Antioges IV as die Makkabese opstand bekendstaan. Kort voor lank het die hele volk hulle agter die Makkabeërs geskaar. Uiteindelik, in die jaar 164 voor Christus, het die Jode hulle vryheid teruggewen en dit met die fees van die tempelwyding gevier.

Daniël se lesers bevind hulleself nou midde in die Makkabese stryd. Hulle beleef aan hulle eie lyf hoedat alles wat vir hulle dierbaar is, soos die tempel, skielik bespotlik gemaak word. Ja, hulle sien selfs dat God se heilige altaar besoedel word omdat onrein varke daarop geoffer word deur Antioges se mense. G’n wonder nie dat hier gepraat word van die gruwelike ding wat verwoesting aanrig in die heilige plek van God. Nou ja, God duld dit nie. Hy laat nie ander gode in sy teenwoordigheid toe nie. Vandag ook nie. Sorg dat jy vandag opstaan vir God se heilige naam. Hy duld geen opposisie nie.

GEBED: Maak my ‘n getuie van u heiligheid

Skriflesing vir vanaand: Dan 9:20-27

27 Augustus

Lees – Daniël 10:11

God praat graag met sy gunsteling

***“Daniël, jy vir wie God liefhet, gee ag op wat ek vir jou gaan sê”
(11)***

Die Here maak tyd vir mense wat op sy pad stap. Hy luister as hulle met Hom praat. Daniël het so ‘n Goddelike moment in sy eie lewe beleef in die derde regeringsjaar van koning Darius van Persië. By die Tigrisrivier het God hom ontmoet deur middel van ‘n engel. Die teenwoordigheid van die engel was oorweldigend omdat hy omring was met hemelse glans en glorie. Sy stem het soos weerlig gedreun. Al die mense wat by Daniël was het hulle mordsdood geskrik. Dit was vreesaanjaend om net te hoor hoe die engel praat, selfs al kon die ander mense nie die visioen sien wat Daniël gesien het nie.

Daniël het doodbang neergeval toe die engel wat van die Here afkom aan hom verskyn het. ‘n Hand het hom aangeraak en op sy knieë en hande laat staan. Toe praat die hemelse wese met Daniël en deel hom mee dat die Here hom gestuur het met ‘n antwoord op sy gebede. Veral aangrypend is die engel se woorde dat Daniël een van God se geliefdes is. Wat ‘n getuigenis! Om te dink dat die hemel van hierdie man van God kennis geneem het. Almal in die hemel het geweet hy is die appel van God se oog. Daniël se naam was gereeld in die hemelse hoofopskrifte. Sy woorde en daade was lewende getuigenisse dat hy getrou op God se pad stap. Ongelooflik dat God op so ‘n intieme wyse by sy kinders se lewens betrokke is. Maak tog seker dat jy ook een van God se geliefdes is.

GEBED: Here, lei my om te leef soos een van u geliefdes

Skriflesing vir vanaand: Dan 10:1-11

28 Augustus

Lees – Daniël 10:16

In die Here se teenwoordigheid

“Toe het iemand wat soos ‘n mens gelyk het my lippe aangeraak” (16)

Daniël sien ‘n fenomenale visioen hier in hoofstuk 10. Nadat die engel hom laat opstaan, hoor hy dat sy gebede van die eerste oomblik af verhoor is toe hy God se aangesig begin soek het. Trouens, die Here het daar en dan sy engel gestuur in antwoord op Daniël se gebede.

As die Here mens se gebede beantwoord, is dit nie altyd so rustig en kalm soos wat jy dit graag sou wou hê nie. Vra maar vir Daniël. Dit was vreesaanjaend toe die Here sy gebed verhoor. Daniël was skielik in die sigbare teenwoordigheid van die Allerhoogste. Hy het in ‘n klein houpie voor God neergeval. Toe die engel vir hom sê om op te staan, was Daniël steeds sprakeloos. Daarom dat nog ‘n hemelse wese sy lippe kom aanraak het. Toe Daniël uiteindelik sy stem terugkry, kon hy dit uitpreek dat die magtige verskyning van die hemelse boodskappers hom totaal en al van al sy kragte gestroop het. Nogeens het die hemelse wese vir Daniël aangeraak met nuwe krag. Spesiale trooswoorde het na sy kant toe gestroom: “Moenie bang wees nie, jy vir wie God liefhet.”

Om in die teenwoordigheid van God te leef, beteken dat jy gereeld aan die voete van die Heerser van hemel en aarde moet sit. Sy magtige teenwoordigheid is soms oorweldigend. Het jy dit al beleef? Het jy al soos ‘n dooie voor die lewende God indie stof gelê? Het sy heiligheid jou al oorstrom? Nie? Dan is dit hoogtyd.

GEBED: Here, maak my vandag klein voor U

Skriflesing vir vanaand: Dan 10:12-21

29 Augustus

Lees – Daniël 11:3

Hou vas aan wat reg is

“Dan sal ‘n dapper koning op die toneel verskyn” (3)

Mens is soms skoon mismoedig as jy op die markplein van die wêreldgodsdiens rondloop en telkens nog ‘n nuwe stem tussen al die ander ontdek. Daar is vandag wie weet hoeveel godsdiens, soos wat Daniël reeds in sy dag beleef het. Min of meer elkeen maak daarop aanspraak dat net hulle die liksêns op die waarheid het. Die waarheidsvraag hoort tot die hart van godsdiens. Godsdiens kan eintlik nie anders as om eksklusiewe waarheidsaansprake te maak nie. Want godsdiens het te make met ewigheids-dinge, met die heil van die mens. As ‘n Christen deel ek dus die uitgangspunt van my Heer dat Hy die Weg en die Waarheid is. Daarmee wil ek nie meewaardig op ander gelowe neerkyk nie. Inteendeel. Ek sou met ander godsdiens oor die inhoud van my geloof wou praat vir hulle wou sê hoekom ek in Jesus as die Here glo. Ek sou vir hulle wou vertel dat my Leier se liggaam nie iewers in ‘n graf lê nie. Sy graf is leeg; as opgestane Here is Hy by sy kerk tot aan die einde van die dae. Binnekort kom Hy weer om sy mense finaal te kom red. Maar vir die res sou ek graag Langenhoven se raad wou volg dat ek, omdat ek in die waarheid van my godsdiens glo, eintlik al my tyd sou wou bestee om my eie God nog beter te verstaan en nie om ander godsdiens te veroordeel nie. Dis wat Daniël gedoen het; dis wat jy en ek vandag ook moet doen.

GEBED: Heer hou ons op die ewige weg

Skriflesing vir vanaand: Dan 11:1-14

30 Augustus

Lees – Daniël 11:36

Daar's hoop vir môre

“Hy sal daarmee aanhou totdat die tyd van God se toorn oor sy volk verby is” (36)

‘n Goeie toekomsvoorspeller dié is ek nie. Dit is Daniël se afdeling. Maar as ek tog na môre se kant toe toe kyk, dan dink ek die kerk van môre en oormôre sal anders daar uitsien as ons kerk hier aan die einde van 2006. Virtuele Christenskap sal toenemend die in-ding word met Bybels, Christelike boeke, preke en grafiese uitbeeldings van Bybelverhale op mikro-skyfies en in drie-dimensionele filmbeelde. Kits-satelietskommunikasie tussen gelowiges regoor die wêreld sal aan die orde van die dag wees. Want môre sal die wêreld lank nie meer net ‘n “global mall” wees nie, maar ‘n “global household.” Starre dogma sal in daardie wêreld maar bitter min aftrek kry. Dan sal die dae grootliks verby wees van lomp sinodes en kerkrade wat hulle besig hou met beuselagtige sake terwyl die wêreld rondom hulle smag na Goeie Nuus. Die wesenlike waardes van die Christendom, naamlik liefde, diens, deernis en opoffering sal dan baie belangrik wees. Want die supertegnologie van die toekoms sal so bedreigend wees vir meeste mense dat daar ‘n dringende behoefte sal bestaan aan warmte en medemenslikheid.

Maak gereed vir die toekoms, vandag al. Dit kom! Doodgewone gelowiges sal dan die vernaamste stem van die kerk wees, nie meer ‘n paar kerkleiers of kerklike vergaderings nie. Wees jy asseblief ook deel van God se soort toekoms.

GEBED: Almagtige Heer, lei my na U toekoms toe

Skriflesing vir vanaand: Dan 11:15-45

31 Augustus

Lees – Daniël 12:3

Wees God se verteenwoordiger

“... en dié wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos sterre” (3)

Daniël se visioen eindig goed. Dit vertel dat God 'n einde aan die swaarkry van sy volk sal bring. Daar sal 'n tyd kom dat Hy ingryp om sy mense te red. Nou ja, hier in ons eie dag smag ons sekerlik ook na daardie groot dag van die Here, daardie dag van uitkoms! Intussen moet ons die Here se wil dag en nag doen. Dit laat my nou dink aan 'n ler wat in die Kaap aangekom het. Sy eerste woorde was: “Is hier 'n regering in die Kaap? Want as daar een is, is ek teen hulle!” Miskien is sy woorde sprekend van die mentaliteit van sommige kerkmense in ons dag. Vir hulle is 'n Christen iemand wat van vroeg tot laat teen alles en almal gekant is. 'n Gelowige moet blykbaar heeltyd sondes uitsnuffel; die gevare daarvan vir almal binne hoorafstand uitbasuin; mense links en regs verdag maak, ensovoorts. Elke nuwigheid moet ook dadelik aan een of kommissie van ondersoek onderwerp word. Natuurlik is dit nie verkeerd om sonde te ontbloot vir wat dit is nie. 'n Kerk wat te gemaklik met sonde raak, is 'n kerk wat vinnig en onherroeplik op die afdraande pad is. Maar dit is 'n ander saak om heeltyd met 'n “kommissie van ondersoek” mentaliteit rond te loop en ander mense wat nie met jou saamstem nie te verketter. Kom ons laat staan dit. Ons is aangestel as God se verteenwoordigers. Net dit! Kom ons wees presies dit totdat Christus terugkeer. Kom ons maak net sy Naam groot.

GEBED: Heer, laat ons U naam heilig totdat U weer kom

Skriflesing vir vanaand: Dan 12:1-6